
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

GOEDERTIERENHEID LEI TOT BEKERING (ROM. 2:4)

Die Woord van die Here waarsku uitdruklik dat ons, as gelowiges, op ons hoede moet wees, VOORDAT ons 'n huwelikverbond aangaan. In 2 Kor. 6:14-18 lees ons: **"Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Bèlial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige."**

Die Here verklaar uitdruklik dat 'n gelowige NIE IN DIESELFDE JUK as 'n ongelowige mag trek nie, tog is dit die area waar die duiwel die gelowige keer op keer pootjie - veral ons jong mense.

In hul soeke na 'n lewensmaat voel hulle dikwels aangetrokke tot 'n ongelowige en wanneer hulle verlief raak, is dit vir hulle moeilik om die waarskuwing in 2 Kor.6 te onthou. Hierdie "nuut gevonde liefde" neem al hulle tyd en aandag in beslag, en die feit dat die maat nie gered is, is nie so belangrik as wat dit behoort te wees nie. Dit is op hierdie tydstip dat Satan met sy leuens kom en fluister: "Moet jou nie hieroor bekommer nie. Hy/sy het jou so lief dat wanneer julle eers getroud en gevestig is, sal hy/sy ook soos jy begin dink, en hy/sy sal besluit om die Here te dien."

Daar word dikwels geredeneer dat die liefde tussen hulle alle probleme sal oorkom, ook om die ongelowige gered te kry, dit is egter nie die moeite werd om so 'n kans te vat, in die lig van God se waarskuwing aan Sy mense nie.

Ongelukkig is fisiese aantreklikheid en eerste liefde, alhoewel belangrik in 'n huwelik, beslis nie DIE fondament om enige huwelik op te bou nie en omdat God die outeur en implementeerder van die huweliksverbond is, sal dit slegs uitwerk as ons Sy opdragte gehoorsaam.

Indien 'n gelowige, met 'n ongelowige persoon sou begin uitgaan, moet hy van die begin af reeds besef dat geen huwelik kan plaasvind alvorens die persoon nie gered is nie. Ons drie dogters het, in hul laat tiener – en vroeë twintiger jare, begin uitgaan met ongelowige jongmans. Elkeen het geweet dat ons onder geen omstandigheid aan hulle toestemming of seënwense tot 'n huwelik sou gee nie, behalwe as haar maat die Here Jesus Christus as sy persoonlike Here en Verlosser aanneem en Hom, net soos elkeen in ons gesin, met sy hele hart lief het!

Ons het altyd gesê dat dit die enigste maatstaf is in die keuse vir 'n huweliksmaat. Liefde en aanpasbaarheid speel natuurlik 'n belangrike rol, maar na alles kan enige huwelik slegs werklik tot die volheid van God se doel groei, as Jesus die Rots is waarop hulle bou. Die gelukkige storie is dat elkeen van ons kosbare skoonseuns Jesus Christus gedurende hulle hofmakery (met die meisies) ontvang het, dit is waarvoor ons gebid het en hiervoor prys ons die Here. Dieselfde het in die lewe van ons seun Jake gebeur. Wendy, nou ons kosbare skoondogter, was nie gered toe hulle ontmoet het nie, alhoewel sy 'n God vresende – kerk meisie was, maar Jake het geweet dat dit gebiedend vir haar was om haar lewe aan Jesus toe te vertrou voordat hulle kon trou; en nadat vir haar verlossing gebid is, het sy die Here persoonlik leer ken, is gedoop en het vir 'n aantal jare voltyds by die Sentrum gewerk en doen steeds die formaat van die Nuusbrief asof vir die Here. Ons oudste skoonseun, David, 'n professionele lewensredder, toe ons oudste dogter hom ontmoet het, het Bybel Skool toe gegaan en die Pastoor van die "Stanger Christian Fellowship geword. Hy het tot dusver al ons kleinkinders getrou. Ons prys die Here

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Goedertierenheid lei tot bekering….)

vir sy getrouheid! Al vier pare en ons agt kleinkinders, ken die Here. (Ons wag nou net vir ons vier agter kleinkinders om groter te word en Jesus aan te neem). Wat 'n seën! Al wat ons gedoen het was om elkeen van hulle die LIEFDE en AANVAARDING van Jesus te wys, en hulle het gereageer deur Hom as Here te ontvang.

Moenie wanhopig wees as jou huweliksmaat nog nie gered is nie. Soos jy verder lees, sal jy besef dat daar oorwinning in Jesus is.

Laat ons die prioriteite, volgens God se plan van orde, bespreek.

Jesus moet EERSTE in jou lewe wees en Hy moet bokant alles wees, dit sluit mense, werk, materiële dinge, stokperdjies ens. in. As dit nie so is nie, is afgodsdiens teenwoordig. Jou huweliksmaat is jou volgende prioriteit en volgende jou kinders. Indien enige van hierdie prioriteite in die verkeerde volgorde is, kan ons seker wees dat daar probleme in ons huwelike sal wees.

Vroue, let asseblief op dat jou kerk en kerk aktiwiteite nie voor jou man en kinders kom nie. Dikwels voel welmenende vroue dat deur soveel moontlike kerklike aktiwiteite by te woon, hulle meer geestelik word. Hulle voel regtig dat as hulle dit doen, dit hulle huise en gesinne bevoordeel.

Ongelukkig is die teenoorgestelde dikwels waar.

Indien die man na 'n laer prioriteit posisie verplaas word as wat hom volgens die Here se Woord, toekom sal die huisgesin daaronder ly. Kry ons boek "'n Vrou na aan God se hart".

Wanneer 'n vrou se prioriteite nie reg is nie, sal haar gesin ly, en sy self sal onvervuld wees, omdat sy nie in lyn met God se plan en doel vir haar lewe is nie. As haar man nog nie wedergebore is nie, sal haar "rond hardloop en goed doen" 'n negatiewe uitwerking op sy verwagte verlossing hê.

In plaas van om hom na die Here te trek, kan sy veroorsaak dat hy ontevrede raak met 'n "super geestelike" vrou, en geneig wees om nie na aan die Here te kom nie. 'n Man in hierdie posisie kan selfs die kerk sien as 'n mededinger vir sy vrou se tyd en aandag!

Dit is belangrik om nie die byeenkoms van die heiliges te verwaarloos nie volgens Heb.10:25, maar egter nie ten koste van jou huwelik nie. Die Here ken jou hartsbegeerte om die dienste by te woon, maar jou man sal 'n beter gesindheid teenoor jou hê, en groter harmonie in jou huis wees, as jy kies om Woensdag aand tuis te bly en kwaliteit tyd met hom deur te bring as om teen sy sin na die gebeds byeenkoms te gaan. Natuurlik, as hy jou aanmoedig om te gaan, kan jy dikwels gaan, maar jou eerste plek is aan sy sy. Moet nooit teen sy wense gaan nie, maar moet ook nie met 'n lang gesig tuis bly nie! Die belangrikste instrument wat jy het om jou man vir Jesus Christus te wen, is jou LIEFDE vir hom.

Laat hom weet dat jy bly is om by hom te wees, en hom te bederf en na sy behoeftes om te sien. Dit is hierdie houding wat sal lei tot 'n positiewe en doeltreffende reaksie. Ten slotte is dit die Here se goedheid wat tot bekering lei, volgens die Bybel. **(Rom. 2:4) Of verag jy die rykdom van Sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie?** Dit moet egter met die regte hartsmotief gedoen word, anders is dit manipulasie.

Dit is nutteloos en onproduktief om jou man vir Jesus te wen deur hom te veroordeel en te beskuldig, of nog erger om vir hom te preek of uit die Bybel aan te val. God sê met groot wysheid in Sy Woord: **Net so moet julle, vroue aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die Woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue, SONDER WOORDE gewin kan word, as hulle jul reine, GODVRESENDE WANDEL aanskou het (1 Pet.3:1-2).**

Jou werksgebied om jou man vir Jesus te wen, is JOU BINNEKAMER. Dit is hier waar jy vir hom intree en *geestelike oorlogvoering* doen vir die redding van sy siel. DAN sal God se belofte in Hand.16:31 'n werklikheid in jou lewe word: **Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en JOU HUISGESIN.** Ons lees in **Efs.6:12: Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.**

Ons ken hierdie Skrif baie goed, maar is dit 'n werklikheid in jou lewe? Dikwels hou ons steeds aan om teen mense te stry (vlees en bloed) - bv. ons man/ vrou, kinders, bure, medewerkers, winkel-eienaars, ontvanger van inkomste en andere terwyl die Bybel duidelik verklaar dat ons worstelstryd NIE TEEN DIE MENS IS NIE, maar TEEN DIE BOSE GEESTE IN DIE LUG. Met ander woorde as jou huweliksmaat op enige gebied te kort skiet, is dit die duiwel wat daaragter sit. Jou stryd is dus 'n *geestelike stryd* teen die duiwel, NIE TEEN JOU MAN OF VROU NIE! Dit is waarom ek sê dat jou binnekamer die gevegsterrein is, want dis daar waar jy vir jou man intree vir sy redding of bevryding. Dit is die plek waar jy gesag oor die duiwel neem (Matt.12:29; Matt.16:19) UIT DRYF (Mark.16:17)

OP HOM TRAP (Ps.91:13), HOM WEERSTAAN (Jak.4:7) en AAN HOM GEEN PLEK GEE NIE (Efs.4:27).

Die Here het aan die huweliksmaat kragtige Geestelike wapens voorsien, om in die stryd teen die bose magte te gebruik, vir die verlossing van die geliefde. Hulle is Liefde, Gebed en Vas. AGAPÉ LIEFDE: Dit is nie 'n vleeslike, erotiese hartstog wat ons in rolprente en sepies kry nie. Daardie is "eros" liefde en is oppervlakkig en nie noodwendig blywend nie. Agapé liefde het die blywende kenmerk van die Goddelike liefde wat in 1Kor. 13 beskryf word, 'n liefde wat in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees volgens Rom.5:5. As jy 'n gelowige is, mag jy nooit die punt bereik waar jy sê: "Ek het my huweliksmaat nie meer lief nie." Want dan weerspreek jy die Woord van God! Agapé liefde is 'n Keuse en nie 'n gevoel nie! Onthou, hierdie liefde het niks te doen met *gevoelens of emosies*

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Goedertierenheid lei tot bekering….)

nie. Gevoelens kan misleidend wees en wissel na aanleiding van omstandighede en stemming. (Byvoorbeeld hoe jou man of vrou jou daardie dag behandel het.)

Die Bybel stel GELOOF bo gevoelens. As jy werklik GLO dat hierdie Agapé liefde in jou hart uitgestort is deur die Heilige Gees, sal jy dit met jou mond bely en dan sal dit na vore kom in jou dade. Jy mag werklik voel dat daar geen liefde meer in jou hart is vir jou huweliksmaat nie, maar soos jy die Here gehoorsaam, sal Hy daardie liefde terug plaas en jou verhouding tot sy vorige heerlikheid, selfs daarop verbeter! Kry ons boek "Die krag van vergifnis."

As jy egter toelaat dat jou gevoelens en emosies jou beheer sodat jy slegs daarvolgens optree, beoefen jy nie meer geloof in God se Woord, en dit wat aanbeveel word aangaande die omstandighede nie. Deur dit te doen bestaan die gevaar, dat jy nie meer deur die Heilige Gees gelei word nie, maar dat jy in die natuurlike (vleeslike of siels) gebied optree. God se manier om die probleem aan te pak is deur Sy Woord te gehoorsaam, en dit kom voor asof dit teen die natuur is!! Indien jy dit doen sal jy jouself nooit op die plek bevind waar jy aan jou maat sal sê: " Liefde is nie 'n gevoel nie, dit is 'n daad van jou wil."

Agapé liefde is nie 'n emosie nie, dit is JOU KEUSE om in lyn met die Woord van God te kom, en wanneer jy kies om dit te doen, sal ware emosie volg.

Dit is van hierdie Agapé liefde waarvan die Here in Joh.3:16 praat**: Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy Eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.** Hierdie soort liefde GEE onvoorwaardelik, onselfsugtig, met rein motiewe, hierdie liefde gee sonder om iets terug te verwag, hierdie liefde VERANDER NOOIT.

God het Sy Seun ONVOORWAARDELIK GEGEE; Hy het ons EERSTE lief gehad, toe ons nog sondaars was en hierdie waarheid VERANDER NOOIT ! **(1Joh. 4:19) Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het**. Dit is dieselfde soort liefde wat reeds in jou hart uitgestort is volgens Rom.5:5.

Let asseblief daarop dat 'God – soortige liefde' beginsel van toepassing is op AL JOU VERHOUDINGS. Liefde is 'n keuse. As jy glo en bely dat jy 'n Kind van die Here is, dan IS Sy liefde in jou hart en sal jy nie Jesus se bevel in Matt.22 :39 bevraagteken nie: **Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.** Let Wel: Jy het die PERSOON lief NIE DIE SONDE nie !!

Met hierdie diep, onvoorwaardelike liefde van die Here in jou hart vir jou huweliksmaat (ongeag hoe hy of sy optree of reageer), is jy reeds besig om grond te wen in die stryd vir sy/haar siel.

GEBED: Gebed is om die Here te vra vir die begeerte van jou hart, volgens Sy wil. Dit is om te glo dat jy ontvang wanneer jy bid! Jesus belowe dat jy dit sal kry! (Mark.11:23-24). Jy het nie omdat jy nie vra nie - vertel Jak.4:2-3 vir ons! Vra die Here in geloof om jou maat te verlos en te red, dank Hom dan vir die antwoord, wat jy glo, reeds aan die kom is. Dit is geloof! Daarna begin om Hom daarvoor te dank – al sien jy nog geen verandering nie. Dit is geloof!

Dank die Here vir die veranderinge wat Hy reeds volgens Sy Woord, besig is om in jou huweliksmaat se lewe te maak en herinner Hom aan Sy Beloftes. Onthou dat Sy Woord Sy Wil is.

Dikwels moet "die sterk man" (sterk vesting) in die lewe van 'n persoon gebind word. In Matt.12:28-29, praat Jesus van die uitdryf van demone: **"Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom. Of hoe kan iemand in die huis van 'n sterk man ingaan en sy goed roof, as hy nie eers die sterk man geboei het nie? En dan sal hy sy huis beroof."**

…… en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees (Matt.16:19).

Let ook op die volgende Skrif: **Ps.149:5-8: Laat die gunsgenote juig in heerlikheid; laat hulle jubel op hul bedde. Lof verheffinge van God is in hulle keel, en 'n tweesnydende swaard in hulle hand; om wraak te oefen onder die heidene, strafgerigte onder die volke; om hulle konings met kettings te bind en hulle edeles met ysterboeie;**

Miskien is hierdie praktyk van bind en ontbind vir jou vreemd, maar dit is baie effektief.

Om *te bind en te ontbind* in die Naam van Jesus kan in enige situasie 'n baie groot verskil maak. Die vyand kan slegs deur 'n gelowige GEBIND word. So kan bv. wellus, drankmisbruik, hebsug of passiwiteit in jou maat, gebind word in die Naam van Jesus Christus. Aan die ander kant kan hy/sy ONTBIND word in die Naam van Jesus, van die vyand se slawerny van owerspel, drankmisbruik, boer by swak plekke of die invloed van slegte vriende. Jesus het aan die vrou met 'n gees van krankheid gesê **"Vrou jy is van jou krankheid verlos." Luk.13:12.**

Die woordeboek omskryf die woord BIND: om te bind met kettings, toue, ens., om buite geveg te stel, om vas te pen, om te beperk, om te vertraag, om 'n einde aan te maak.

ONTBIND: vry te stel, om te vergewe, om los te maak, om vry te maak van demone, siektes en vloeke. Om hierdie geestelike wapens te gebruik, moet jy hulle hardop uitspreek, jou mond is die lanseerkussing. Kry ons boek "Ken Jou Vyand".

Jy moet vir altyd Satan met God se Woord, in geloof, konfronteer; ken jou gesag in Jesus se Naam.

As 'n gelowige in Christus Jesus is aan JOU die gesag en mag gegee oor die duiwel en sy werke, in Sy Naam, MOET HIERDIE FEIT NOOIT VERGEET NIE.

Kol.2:15: nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het (die kruis).

Luk.10:19: "Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade

(Vervolg op Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Goedertierenheid lei tot…)

doen nie."

VAS: Vas en gebed gaan altyd hand – aan – hand, en is baie belangrik. Let ook op die interessante Skrif vers in **Jes.58:6: Is dit nie die vas wat Ek verkies nie? Dat julle LOSMAAK die bande van goddeloosheid, dat julle AFHAAL die stroppe van die juk en VRY LAAT en weggaan die verdruktes en elke juk STUKKEND BREEK?**

As jy dus VAS, *maak jy los, haal jy af, laat jy vry en breek jy stukkend.* Dis tog presies wat jy begeer om te bereik, wanneer jy 'n ernstige stryd aanknoop teen die vyand, vir 'n geliefde. **Matt.17:21: Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie.**

Hierdie was Jesus Christus se eie Woorde aan Sy dissipels toe hulle nie 'n maansieke kind, van 'n demoon wat hom beset het, kon bevry nie. Om 'n geliefde of 'n huwelik te red moet jy 'n stryd aanknoop teen demoniese magte en wêreldheersers. Jy moet werklik OMGEE om vir jou huwelik te VEG of die verlossing en vrymaking van jou geliefde. Jesus het geweet watter KRAG daar in GEBED en VAS is. Hierdie krag word vrygestel teen die duiwel en sy demone.

In Matt.6:16 sê Jesus: WANNEER julle vas……Daar was geen twyfel. Hy was seker dat Sy dissipels SOU vas. Hy het nie gesê: **AS** julle vas, maar **WANNEER** julle vas! Ons kan nie die belangrikheid van gebed en vas oorbeklemtoon nie, as magtige geestelike wapens in enige stryd, waar dit wemel van die vyand se vernietiging! Uit persoonlike ondervinding en deur baie getuienisse weet ons, dat meer oorwinnings deur kinders van die Here verkry is, omdat hulle hul Here se barmhartigheid, genade, wysheid en verlossing gesoek het vir hulself, maats, kinders, geliefdes of vir enigeen wat hulle in die gaping voor gestaan het deur gebed en vas. Kry ons boek "Vas en Gebed".

En onthou altyd dat: 'n Suksesvolle huwelik is nie net om die regte persoon te VIND nie. Dit is om die regte persoon te WORD. Ons gebed moet wees "Here verander my ".

Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid (1 Tim.6:11). □

I AM THE LORD - AND I CHANGE NOT (Mal. 3:6)

Jesus heals because He is the same yesterday, today, and forever. **Jesus Christ is the same yesterday, and today, and forever (Heb. 13:8).** Men change; things change; circumstances change, but the Eternal God does not change. His power has never waned. If God healed the sick yesterday, He can and will do so today, and as long as there are any sick who meet the conditions of faith in Him.**(Luke 8:48) And He said unto her, Daughter, be of good comfort: thy faith hath made thee whole; go in peace.** (Read also Matt.9:22, Mark5:34, Mark 10:52 and Luke 17:19). It takes two to make a covenant. Man may break it, but not God. God charged the people of Isaiah's day of changing the ordinance and breaking the everlasting covenant. For this reason a curse had come upon them. "**The earth also is defiled under the inhabitants thereof; because they have transgressed the laws, change the ordinance, broken the everlasting covenant. Therefore hath the curse devoured the earth, and they that dwell therein are desolate: therefore the inhabitants of the earth are burned, and few men left. (Is. 24:5-6).** God's Word, His covenants never change. **"For I am the Lord, I change not' (Mal. 3:6).** Jesus said, **"Heaven and earth shall pass away: but My words shall not pass away" (Luke. 21:33).**

Can unbelief do away with the promise? Paul asks the question**, "For what if some did not believe? Shall their unbelief make the faith of God without effect?" (Rom. 3:3).** The answer he gave was **"God forbid: yea, let God be true, but every man a liar" (Verse 4).**

It is true that man by his tradition can make the Word of God of none effect (Matt 15:6), but only for himself. He cannot change God's Word of God's promise. These are still valid for those who believe. We can shut off ourselves from the blessing, but we cannot change the promise. The Jews did not believe that the blind man had been healed. However, that did not change the fact that he had received his sight (John 9:1-25).The Sadducees did not believe in the supernatural nor in miracles nor in the resurrection, but that did not prevent Christ's raising from the dead.

There are those who believe in the miracles of yesterday, but not of today. Gideon, nonetheless, could not believe that God's miraculous was good for yesterday but not for today. When the angel said, **"The Lord is with thee, thou mighty man of valour,"** Gideon protested saying: **"Oh my Lord, if the Lord be with us, why then is all this befallen us? And where be all his miracles which our fathers told us of, saying, Did not the Lord bring us from Egypt? But now the Lord hath forsaken us, and delivered us into the hands of the Midiantites" (Judges 6:13).**

Gideon was not satisfied with God's miracles of yesterday. He wanted to know why there were no miracles for his day. The Pharisees believed in God's power in the long ago but refused to accept the miracles of their day. Likewise there are those who believe in the miracles of the days of the apostles, but not in the miracles of today. But, God is not the **GREAT I WAS**; He is **"THE GREAT I AM."** His Word never changes. He is the same today.

Christ heals because the nature and very character of God is against disease. **"And God said, Let there be light … and God saw the light, that is was good." (Gen. 1:3,4)**

Those who claim that God places sickness upon people are ignorant

(Continued from page 4 - I am the Lord….)

of the nature and love of God. God created light and saw that it was good. He then created other things – always they were **good**. It is inconceivable that God would create a foul-reeking cancer. Common sense must tell us that it is the product of an enemy of mankind, of one devoted to evil. A cancer is malevolent chaos. It is made of living cells that have become insane, which seek to destroy the very body in which they live.

Can sickness be of God? The Bible settles it by saying, that it comes from Satan . **Job. 2:7: So went Satan forth from the presence of the LORD, and smote Job with sore boils from the sole of his foot unto his crown. Acts 10:38: How God anointed Jesus of Nazareth with the Holy Ghost and with power: who went about doing good, and healing all that were oppressed of the devil; for God was with Him. John 10:10 : The thief cometh not, but for to steal, and to kill, and to destroy: I am come that they might have life, and that they might have *it* more abundantly.**

Consider for a moment a few of the malignant diseases that fasten themselves on the human body. Think of those poor human beings that suffer from multiple sclerosis. Watch their pitiful attempts to speak or to move their muscles, which are shrunken and misshapen. Consider the family that must live year after year with a malformed or imbecilic child. See the helpless epileptic as he falls unprotected to the ground, or the wasting body of one in the last stages of cancer. The list is endless. It is God's responsible for these evil disease? God forbid! Disease has the earmark of Satan, the author of evil. Christ is the Healer; Satan is the defiler. Jesus heals because it is His nature to heal, to restore, to set men free from the bondage of suffering and sickness. The nature of God is to destroy the evil results of Satan. That is why He heals today. Jesus heals because of His compassion. One of the basic reasons for which Jesus heals the sick is His compassion. In connection with one of the first healings of Jesus it is mentioned that the Lord, looking upon the afflicted one, was moved with compassion. The leper had come to Jesus, kneeled down before Him, and besought Him to make him whole. **Then Jesus, moved with compassion, put forth His hand and touched him, and said unto him, "I will; be thou clean" (Mark 1:41).** It was the first human touch that the leper had felt for a long time. This was an example of Jesus Christ's mercy and compassion for those oppressed by the enemy.

When the multitude came with their afflicted ones to Jesus, **He "was moved with compassion toward them, and he healed their sick" (Matt. 14:14).** Again, two blind men sitting by the wayside heard that Jesus was passing by and they cried out saying, **"Have mercy on us, O Lord, thou son of David."** After they made their request the Lord **"had compassion on them, and touched their eyes: and immediately their eyes received sight, and they followed Him" (Matt. 20:34).**

When Jesus saw the multitudes with so many sick that He could not possible reach them all, He had compassion on them and commissioned the Twelve to go forth and also heal the sick (Matt. 9:35-37; Matt. 10:1)

The whole plan of redemption was inspired, not because suffering mankind had any right to it or merited it, but because God in His mercy had compassion on the world and through that compassion, all who will obey Him may obtain salvation and healing. We read in 1 Pet.2:24**: Who His own self bare our sins in His own body on the tree, that we, being dead to sins, should live unto righteousness: by Whose stripes ye were healed.**

Another reason that Jesus heals is because healing is the children's bread. Jesus, speaking to the heathen woman who came to Him for deliverance for her daughter, said, **"Let the children first be filled: for it is not meet to take the children's bread, and to cast it unto the dogs. (Mark 7:27).** He was, of course, even in this apparent rebuff, seeking to get the woman on healing ground. But the point is, that when one becomes a child of God, he then has a right to be a partaker of the children's bread, which we see from this scripture, includes healing for the body.

A father may of necessity discipline his child, but usually he will not send him to bed hungry. Certainly unless his offence is grave indeed, he may have his portion of bread and water. So the child of the Lord may err and fall under the chastening hand of God. Affliction may come upon him, but when that person yields his will to the Lord, He will certainly not withhold the bread of healing from His child. Divine healing is not a luxury to be enjoyed by the favoured few, but the child of God by virtue of his position, redeemed through the merits of the Crucified One Jesus, has a right to that which has been fully purchased and which, most assuredly will be freely given.

One of the most subtle objections raised against divine healing is that man should minister "salvation" rather than to seek the healing of the body. The objection is far from valid. I can say from personal experience that when miracles of healing occurred, they proved to be a most powerful means to win souls for the Kingdom of God. And why should they not? When men see that Jesus has power to heal the body, they know He has the power also to heal the soul, and they are ready to receive Him as their Saviour and Lord as well as their Healer.

When Elijah called upon Israel to make her decision either for the God of Israel or for Baal, saying, **"How long halt ye between two opinions? If the Lord be God, follow Him,"** we are told that, **"the people answered him not a word" (1 Kings 18:21**). But when they witnessed the miracle of the fire consuming the sacrifice **"they fell on their faces: and they said, The Lord, He is the God: the Lord, He is the God" (Verse 39).** When the widow's son died, it brought only grief to her and even doubt concerning Elijah's mission. But when the prophet raised him from the dead, she said, **"Now by this I know that thou art a man of God, and that the word of the Lord in thy mouth is truth" (1 Kings 17:20, 24).**

When we first see Naaman, we find him a proud haughty heathen, but after he went through a humbling process, and received healing of his leprosy at the river Jordan, he was turned into another man who said,

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - I am the Lord….)

"There is not God in all the land, but in Israel." That was his confession. More than that, he resolved to worship the only true God and made a vow saying that he would **"henceforth offer neither burnt-offering nor sacrifice unto other gods, but unto the Lord" (II Kings 5:15-17).**When Jesus healed the man sick of the palsy He said, **"Son, thy sins be forgiven thee" (Mark 2:1-12).** Thus we see that in the ministry of Jesus, healing of the body and forgiveness of sin went together. Instead of divine healing diverting attention from salvation of the soul, it is a direct means to the person's heart. A multitude of individuals testify to the powerful influence that the divine healing ministry has for evangelism. When the man born blind was given his sight, he accepted Jesus as Lord at once saying, **"Lord, I believe."** And he worshipped Him. When Dorcas was raised from the dead, many turned to the Lord.

Of course, the truth of salvation must be preached, but when people have witnessed the miracle-working power of God, it is easy to reach them. The truth is that the ministry of healing is a powerful means to win souls for His Kingdom.

As we have already seen, the reason for Jesus coming to this world was to destroy the works of the evil one, the devil. **1 John 3:8 … For this purpose the Son of God was manifested, that He might destroy the works of the devil.** In Luke 13:10-17 we read the account of the woman who had suffered with a "spirit of infirmity" for 18 years, and Jesus healed her, saying to those who opposed Him; **And ought not this woman, being a daughter of Abraham, whom Satan hath bound, lo, these eighteen years, be loosed from this bond on the Sabbath day? (verse 16)**

When Jesus ministered to Peter's mother-in-law who was sick with a burning fever, He rebuked the fever, indicating that it was a resisting spirit. The fact is, that the Bible associates demon oppression or possession with many kinds of sickness. There are deaf and dumb spirits; there are spirits that cause blindness. The Scripture speaks of foul spirits, unclean spirits, seducing spirits, and others. Although some names are perhaps interchangeable, each spirit seems to have some particular method of afflicting the human body. Of course, not all disease is demon oppression; nevertheless, indirectly Satan is responsible for all sickness. Jesus heals today because it is His mission to destroy the works of the devil. In fact Jesus considered His healing ministry an attestation of His divine mission. He said to the Pharisees: "**But if I cast out devils by the Spirit of God, then the kingdom of God is come unto you." Matt. 12:28.**

Common sense teaches us that healing is the Will of God. **"And Jesus put forth His Hand and touched him, saying, I will; be thou clean." Matt. 8:3.**Common sense shows sickness is not a blessing; it is the work of the devil; it is a curse. (Read Deut. chapter 28 on the blessings and curses.)

While the person because of wrong teaching, may maintain that "sickness is the will of God" and it has been sent for a "mysterious and wise purpose", his own conscience tells him otherwise. For if he really believed that his sickness were the will of God, he would not take measures to be relieved of his illness. But as everyone knows, the sick person, if he is in his right mind, will without fail seek every medical means available to be cured of his illness, even to the point that it costs his life savings. When miracles of healing take place however, people glorify God. So it was in the days of Jesus: **"….And He healed them. Insomuch that the multitude wondered, when they saw the dumb to speak, the maimed to be whole, the lame to walk, and the blind to see; and they glorified the God of Israel" Matt. 15:30-31.**

If one follows through the Scriptures, he will see that again and again in the gospel story it was at the time when the people saw the miracles that they gave God the glory. If Jesus is ever to heal, we need it more than ever now with all the new "pestilences" that He warned would be prevalent in the end times. **(Luke 21:11) And great earthquakes shall be in divers places, and famines, and pestilences; and fearful sights and great signs shall there be from heaven.**

The argument that Jesus heals but not at the present time is really puzzling. When then is healing to take place? In heaven? Hardly. **When that which is perfect is come, then that which is in part shall be done away (1 Cor. 13:10).** At the time of the resurrection, we shall receive incorruptible bodies like unto Jesus' . **For this corruptible must put on incorruption, and this mortal must put on immortality (1 Cor. 15:53).** No more healing will be needed then. If there is to be healing for God's people, it must be now. There will be no cripples in heaven.

Jesus heals so that His people will have strength to witness for Him. We are called to be His witness. But a sick man is in no condition to witness. One must have a well body if he is to work effectively in the Lord's vineyard. What could the demon-possessed man in the tombs do for Jesus when he was in that condition? Driven by a legion of raging demons, the man possessed super-human strength and went among the tombs crying and cutting himself with stones. Tormented by the malevolent powers he tore the very clothes from off his body, and no man could tame him.

But after Jesus set him free, his right mind returned to him. He sat at the feet of Jesus, clothed, and with full command of his reason, besought the Lord that He might be with Him. But Jesus knew that there was need in his own country for his testimony, so He said**, "Go home to thy friends, and tell them how great things the Lord hath done for thee, and hath had compassion of thee" (Mark 5:19)**.

The man obeyed, and his testimony stirred the cities of Decapolis. **"And all men did marvel."** We, at the Christian Centre have the experience of knowing for over 30 years that many of the most outstanding witnesses for Jesus today are those who have received His wonderful, miraculous healing, and they continue to serve and to glorify Him. ☐



uit **Dr James** se kantoor

Geliefdes,

Mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen (1Thess. 5:23-24).

Soos die koms van ons Here Jesus al nader kom, raak ons meer en meer bewus van die waarskuwing wat in Openb. 22: 11 – 14 aan ons gegee is. **Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen: en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.**

Dit is van selfsprekend dat hierdie beskrywing van 'onreg' en 'vuil' die huidige toestande om ons beskryf. Ons sien daagliks al die wetteloosheid om ons plaasvind. Die toename in die misbruik van dwelms, alkohol en van kinders. Misdaad en korrupsie. Betowering deur die okkult in die vorm van T.V programme, alternatiewe medikasie, kristalle, oosterse godsdienste, so het die lys geen einde nie. Ek het onlangs 'n artikel gelees aangaande die verwydering van God se Woord uit Amerikaanse skole, en ongelukkig word die waarheid hiervan vandag ook in Suid-Afrika gesien: "1962 Gebed verban in skool - 1963 Bybel verban - 1973 Aborsie gewettig, in die laaste 15 jaar is die helfte van wit swangerskappe geaborteer - 1980 Die Tien Gebooie verban. Neem kennis: Daar is meer godsdienstige vryheid in baie van die vorige Sowjet Unie lande as wat daar vandag in Amerika is.

In die laaste 25 jaar het selfmoorde onder jongmense met 150 persent toegeneem. In 2003 het twee-derdes(2/3) van hoërskool gegradueerdes bely dat hulle dwelms gebruik. In 2003 het meer as een miljoen van ons tiener dogters swanger geraak. Ek wonder wat daardie getal nou kan wees. Homoseksualiteit het van sonde gegaan na siekte na sosiaal aanvaarbaar. In 2005 is geskat dat drie (3) uit tien (10) Christen mans betrokke was by internet pornografie." Dit is egter die probleem, - maar wat is die oplossing? Wat kan ek en jy as gelowiges hieraan doen? Ons wat bewus is van die gevare en die dringendheid van die tyd waarin ons leef? **BID, BID BID!** Bid vir hulle wat in Satan se net van misleiding gevang is. Bid vir diegene wat kwesbaar is, soos ons kinders en kleinkinders – die jeug en die onkundiges. Ja, ons kan bid met die wete dat ons Here ons hoor en ons gebede beantwoord. Ons wat regverdig is (in die geregtigheid van Christus) moet nog meer so word, en na heiligmaking (afgesonder vir Hom) strewe in 'n wêreld vol boosheid! Wat 'n uitdaging vir ons en wat 'n opwindende tyd is dit nie, waarin ons as gelowiges in die Here Jesus leef nie! En word deur hierdie woorde van Jesus bemoedig. **Lukas 21:28** sê**: En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.** Halleluja!

Laat ons Ps.1 die gedragslyn maak waarvolgens ons kan lewe. **Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet van die Here, en hy oordink sy wet dag en nag. En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit. So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi. Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie. Want die Here ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan.**

Wees verseker van ons gebede elke dag en ons waardering en dankbaarheid vir al julle ondersteuning, liefde en gebede... **en mag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en vir almal, SOOS ONS OOK TEENOOR JULLE IS, sodat Hy julle harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader by die wederkoms van onse Here Jesus Christus met al Sy heiliges (1 Thess. 3:12-13).** Ons dank die Here altyd vir julle.

Mag julle oorvloedig geseën word.

Liefdegroete

Dr James

BAIE BELANGRIK!! HERNU U NUUSBRIEF

Dit is nou al 'n paar jaar gelede dat ons laas gesnoei het aan ons nuusbrief – poslys, maar die tyd het beslis nou weer aangebreek. Toe ons die Julie nuusbrief pos en die seëlrekening baie duisende rande beloop, het ons maar net Opgekyk, want ons Hemelse Vader is ons Bron! Maar Hy gee ons ook wysheid en leiding en daarom gaan ons nou weereens ons hele poslys kanselleer sodat ons kan verseker dat slegs diegene wat werklik meelewend is met ons bediening, die nuusbrief ontvang en sodoende geen posgeld en drukkoste vermors word nie, want bo alles wil ons wyse besteders wees van God se finansies. Daarom vra ons dat jy die plakkertjie op die omslag van hierdie nuusbrief wat jou naam en al jou besonderhede bevat, FIR ONS TERUGPOS in 'n koevert met die nodige seël daarop. Sodra ons jou plakkertjie met al jou besonderhede ontvang, sal ons die nuwe adreslys daarmee opstel.

HIERDIE PROSEDURE IS UITERS BELANGRIK:

Dat ons jou PLAKKERTJIE van jou omslag van hierdie nuusbrief terug ontvang, want daarop is jou NAAM, ADRES, POSKODE EN REKENAARNOMMER presies soos dit op ons adreslys is. Dat jy hierdie plakkertjie by ons sal terugbesorg voor 20 AUGUSTUS anders gaan jy nie die SEPTEMBER nuusbrief ontvang nie.

Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Baie dankie vir julle maandelikse nuusbriewe. Ons as huisgesin is saam met julle dankbaar dat God die Vader julle so seën. Ons is diep deraak deur jul bedieninge, veral die terugvoer wat julle uit tronke kry. Ons waardeer so die vertellings uit julle verlede. De Wet, my man, het arm grootgeword. Hy was 'n gereelde ryloper (nou praat ek van 1968-1973). Studentejare, onderwys. Ek praat nie eers van sy kinderjare nie, was omtrent in 12 skole gedurende skooljare. SY pa het uieindelik in 1969 'n vaste werk by die Pardekraal (munisipaliteit) gekry. Maar toe was hy so gewoond ryloop, hy't selfs een keer van hulle huis in Bellville tot by ons anderkant Malmesbury gestap, so 82km. Waarna ons graag luister, is sy vertelling in sy eerste jaar van skoolhou (1972) toe hy geryloop het vanaf Bellville tot Magogong in NoordKaap. Hy was baie deurmekaar en siek van sinusontsteking en verstandtand wat uitgehaal is. Hy weet vaagweg van die kar wat hom opgelaai het tot by Warenton. Daar het die persoon hom ingeboek in die hotel, die dokter gebel, alles klaar vooruit betaal – en net verdwyn. Alle pogings om agterna kontak te maak met die mense deur koerantadvertensies (hy wou darem net dankie sê!) het misluk. Tot vandag toe het mense nog niks geweet van sulke mense nie. Die dokter se inspuiting en pille moes gehelp het, want die volgende dag kon hy toe verder ryloop tot by Magogong waar hy skoolgehou het. Dankie vir julle gereelde pakkies met boekies. Ook vir jul gebede met die uitdeel van die boekies. Elke maand ervaar ons mense se blydskap en waardering daarvoor. Dis altyd so lekker om vir julle te skryf. Ons bid elke dag vir julle, vra in die Naam van Jesus Christus seëninge en krag vir elke dag waar julle so baie mense se fakse, versoeke en nood voor Sy altaar neerlê. Baie, baie Jesus Liefde groete

De Wet, Fransie, Henk, Albè en De Wet Jnr.

Dr James, ek wil tog vra dat u groot asseblief vir Koos Prinsloo van Adelaide sal bid. Het net 1 long – klomp jaar terug kanker gehad, 1 long verwyder, maar die Here het hom genees sonder dat hy enige kanker terapie nodig het - Halleluja, prys Sy Naam! U het destyds ook vir hom gebid. Baie dankie nogmaals vir u getrouheid. Liefde

Muriel Ferreira

'n Paar maande gelede het u vir mignione (20 maande) gebid vir gereelde oorinfeksies. Prys die Here! Haar oortjies is sedertdien genees! Bid asb weer vir Mignione sy het tans kroep en vir haar ouers dat hulle tot inkeer en bekering sal kom. By voorbaat dankie.

Mev M Botes (Ouma)

Baie dankie vir u gebede. My kleinseun het geelsug na geboorte gehad en sou 'n bloedoortapping moes kry. Eer aan God na u gebed is hy die volgende dag ontslaan, die dokters kon dit nie verklaar nie. Ek moes 'n rugoperasie kry in 'n senuwee wat nie wou regkom na u gebede was dit nie meer nodig. Ere aan God!!

A van Heerden, Jan Kempdorp

Ek was twee weke gelede vir al die nodige ondersoeke en dit is nou 11 jaar van Goddelike genesing van terminale kolon kanker. Al die eer aan God dankie vir julle deursettingsvermoeë en liefde, omgee gebede.
Liefde altyd

Adele van Rooyen, Bloemfontein

Seker so 2 jaar terug het ons julle gevra vir voorbidding ivm 'n ongeluk tussen 'n voertuig en 'n motorfiets. Die staats aanklaer se bevinding was dat die bestuurder van die voertuig is onskuldig. God het julle gebede verhoor. Baie dankie. Die Here se seën op julle goeie werk. Met baie liefde van ons af. Name maak tog nie saak, net by God, Hy ken ons elkeen by die Naam.

Newcastle

Liewe Dr James en u span, ek wil net dankie sê vir die gebede wat uitgegaan het vir my nadat ek in die hospitaal opgeneem is asgevolg van my hart. Maandag die 9de Mei was ek by die hospitaal vir 'n hartseer en die dr. Het die goeie nuus met my meegedeel dat my hart baie mooi herstel het. Al die eer kom ons hemelse Vader toe.

C Willemse, Grabouw

Almal by die sentrum, ek wil net vir julle sê dat julle saam met my gebid het vir my huwelik en daar het 'n wonderwerk gebeur. EK en my man is terug bymekaar als wat vir ons so onmoontlik lyk maak ons Skepper 'n moontlikeheid. Ek prys die Here daarvoor!

Nollie en Johan Zowitsky, Booysens

Op die 9de Maart, vyf uur die oggend het Pieter, my man 'n massiewe hartaanval gehad. Dr Potgieter het my dogter gaan opklop, hy het hom gestabiliseer en vandaar is ek en Pieter in 'n ambulans Port Elizabeth toe, en ek het die heeltyd die Bloed van Jesus oor hom gebid. Hy was 2 dae in ICU toe in privaat kamer vir 4 dae. Die dokters het ons meegedeel die organe gaan nou oppak omdat Pieter 78 jaar oud is. Ek het saam met my kinders en dogter en seun en my suster, Jesus se woorde in evangelies uitgevoer ons het hom met die gesalf en gebid. Dank aan ons getroue Vader Hy het onderneem. Pieter is by die huis, sy bloeddruk is 123/63, kolestrol 4/1. dit wys ons dien die allermagtigste Vader, deur Jesus se bloed het hy herstel. Pieter is 'n lewende getuie vir God!!! Aan almal by die sentrum, dankie dat julle saam met ons gebid het en geglo het. Jesus liefde.

Trudie Jordaan, Jeffreysbaai